

31 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: DL, VD 1:4

### Geloof vra geen voorwaardes nie!

Hoe moeilik is dit tog vir sekere mense om God se genade as onvoorwaardelike genade te aanvaar! Omdat dit vir hulle moeilik is stel hulle selfs voorwaardes vir die geloof. Dit lei tot die dwaalleer wat stel dat “die voorwaarde wat vir die uitverkiesing tot die geloof vereis word is dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik en vroom, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe moet wees ...” Dit impliseer dat as jy nie hierdie eienskappe vertoon nie voldoen jy nie aan die voorwaardes nie en kan God jou nie tot geloof uitkies nie. Hierdie leer sê dus eintlik: Jy moet goed genoeg wees, anders kan God nie geloof aan jou gee nie. Jy moet goed genoeg wees, anders kan God jou nie red nie.

Maar Jesus het juis vir ons sondes betaal omdat ons nie uit onself goed genoeg kan wees nie. As ons uit onself goed genoeg kon wees, was Jesus se kruisdood onnodig en het ons ook nie die Heilige Gees nodig gehad om geloof in ons te wek nie.

Daarom word die dwaalleer verwerp dat jy goed genoeg moet wees voordat God geloof aan jou kan gee. Die Woord sê baie duidelik dat ons nie uit verdienste nie, maar suiwer uit genade gered word (Ef 2:8-9): “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.”

Dank God vandag opnuut vir sy onverdiende genade dat Hy juis geloof aan mense kan gee wat dit nie verdien nie. Leef vandag soos iemand wat weet: God het my uitgekies al het ek dit verdien om verwerp te word!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~